

Logos Gemeente van Christus

Staanlampe: Deelgenote in verdrukking, die koninkryk en volharding

Op 1: 1-20

10 Mei 2020

Ek is oortuig ons almal sal saamstem dat hierdie tyd 'n beproewende tyd is. Enersyds sit ons met die inperking. Alhoewel ek nie bewus is dat enigeen van ons al siek geword het nie, word ons almal geraak deur die inperking. Vir sommige is dit net ongerieflik, ander se werksomgewing word ernstig geraak wat frustrasies meebring deurdat hulle nuwe maniere van werk moet aanleer, sommiges se besighede ly ernstig skade, finansiële inkomstes word geraak, familiebande word getoets, en noem maar op. Die impak op ons gemeente aktiwiteite is groot. Heelwat uitreikgeleenthede moes doodeenvoudig ophou, en bediening binne die gemeente is op die oomblik beperk tot 'n preek per Sondag, en 'n gebedsgeleentheid op Sondagoggende. En boonop het ons die afgelope week of wat gehoor dat Willie nie kans sien om langer in die gemeente voor te gaan nie – wat op sigself vrae skep oor die toekoms. Die vraag is: wat nou? Ek het nie 'n eenvoudige antwoord hierop nie.

'n Paar weke gelede het ek gepreek uit Openbaring om 'n paar perspektiewe op die coronavirus pandemie te gee. Hoe meer ek die afgelope week besin het oor wat ons volgende moet hanteer nadat ons laasweek die sesde bede in die Onse Vader afgehandel het, het ek oor twee dinge gewonder: Aan die een kant – moet ons stilstaan by daardie slot van die Onse Vader “want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlijkheid”? Maar die realiteit is dat die meeste vertalings nie daardie bede insluit nie, omdat die meeste manuskripte dit nie insluit nie. Tog is ek oortuig daar is niks in daardie slot wat in stryd is met die res van die Skrif nie. Aan die ander kant het ek gewonder oor hoe ons as gemeente sin kan maak uit alles wat met ons gebeur? En toenemend het ek net oortuig geword dat die boek Openbaring hier baie nuttig is. En toe ek mooi gaan lees wat in Op 1 geskryf staan, slaan dit my tussen die oë dat dit die perfekte hoofstuk is om die Onse Vader af te sluit, en 'n reeks uit Openbaring mee te begin. Ek hoop dit sal duidelik word uit die preek.

Ek beplan nie noodwendig om deur die hele Openbaring boek in detail te werk nie – alhoewel dit sinvol sou wees. Maar ons het dit tot 'n groot mate in die Bybelstudie gedoen. Ek wil eerder probeer om groter gedeeltes op 'n slag te oordink, en hopelik iets van die vloei van die argument in die boek duidelik te maak, wat ook vir ons nou nuttig mag wees in hierdie omstandighede waarin ons is. Ek wil ook direk daarmee saam sê dat dit moontlik gaan gebeur dat ons party gedeeltes gaan oorslaan, en ander in meer detail gaan bespreek.

Die tema van vanoggend se preek is gebaseer op 'n kombinasie van die gedagtes dat die gemeentes as staanlampe beskryf word, saam met wat Johannes in Op 1:9 sê. Die tema is daarom: **Staanlampe is deelgenote in verdrukking, die koninkryk en die volharding**. Ek bespreek dit onder die volgende punte:

- Opmerkings oor die opening van Openbaring (verse 1-8)
- Visioen van die verheerlikte Seun van die Mens (verse 9-20)
- Implikasies vir ons

Opening van die Openbaringboek (Op 1:1-8):

Vers 1 gee vir ons die pad wat die inhoud van hierdie boek gevolg het na ons toe. God het die openbaring aan Jesus gegee, Jesus het dit aan Sy engel gestuur, wat op sy beurt dit vir Johannes laat sien het. En volgens Op 1:11 het Johannes dit alles opgeskryf in 'n boek of brief aan die sewe

gemeentes. Let op, in beide vers 1 en 2 word verwys na dit wat Johannes **gesien** het. En ons weet hoe dikwels ons in die boek lees van visioene wat Johannes gesien het. Hierdie visioene is soms moeilik om te interpreteer, maar aan die ander kant is dit 'n kragtige middel wat waarhede oordra op 'n manier wat jy jouself dit in jou geestesoog kan voorstel – soos ons netnou sal sien.

Beide vers 1 en 3 lê klem daarop dat die inhoud van hierdie openbaring dinge is wat binnekort moet gebeur. Die vertaling van vers 3 in die NAV kan misleidend wees as daar staan “die eindtyd is naby”. Die bedoeling is eerder dat die tyd vir die dinge wat verder beskryf word, naby is. Solank ons verstaan dat ons nou alreeds in die laaste dae leef, is die NAV se bewoording seker aanvaarbaar, maar soos julle weet is daar interpretasies wat die boek Openbaring (veral vanaf hoofstuk 4 en verder) sien as iets wat nog in die toekoms lê. Dit is moeilike versoenbaar met verse 1 en 3. Die gebeure wat in Openbaring beskryf word is tipies aan die tyd vandat Johannes hier geskryf het (heelwaarskynlik in 90 nC) tot met die wederkoms, en daarom nuttig vir ons om te oordink.

Verse 4-5a leer dat die hele boek aan die sewe gemeentes gerig is (nie net die sewe briewe nie, waar elke gemeente wel sy spesifieke brief ontvang het). Die feit dat daar van sewe gemeentes gepraat word, is 'n simboliese aanduiding dat die boek gerig is aan alle gemeentes deur die eeue heen, insluitend ons. Dan volg die seëngroet, wat 'n heerlike beskrywing is van die Drie-Enige God wat aan ons genade en vrede gee. Vir ons bespreking vandag: Let veral op hoe Jesus beskryf word:

- Gelooftwaardige Getuie – Onthou hoe ons in Joh 14-17 gesien het dat Jesus juis gekom het om die Naam van die Vader te kom bekend maak. Kosbaar dat Hy gelooftwaardig is as Hy dit doen.
- Jesus is die eerste wat uit die dood opgestaan het, en by implikasie kan die wat genade en vrede ontvang uitsien om ook uit die dood op te staan.
- Jesus is die Opperheerser, bo al die ander heersers wat daar in die wêreld mag wees.

In vers 5b-6 volg daar 'n beskrywing van die mense aan wie die boek geskryf is, en wat genade en vrede ontvang het. Hulle is:

- Uit liefde
- Deur die bloed van Jesus van sondes verlos
- En sodoende deel van Jesus se koninkryk, waarvan Hy die Heerser of Koning is
- En hulle is priesters vir die Vader. Onthou 'n priester is iemand wat offers bring, en dus moet hierdie mense hulleself nou aan die Vader offer (dink maar aan Rom 12:1)

Maar sien jy weer die eerste drie bedes van die Onse Vader hier raak? Die Vader moet gedien word (bede 1) in Jesus se koninkryk (bede 2) deurdat die priesters in die koninkryk hulleself offer volgens God se wil (bede 3).

En dan sluit hierdie vers af: Hierdie koninkryk van priesters leef tot eer van die Vader, aan wie nie net hierdie koninkryk behoort nie, maar ook die krag (waardeur die koninkryk sy bestaan het) en die heerlijkheid (doe doel waartoe hierdie koninkryk bestaan). Amen! Hoor jy dit – dit is die slot van die Onse Vader wat in sommige manuskripte gevind word! Ons bid daardie ses bedes wat ons in detail oordink het, **want** die koninkryk behoort aan God, die krag waardeur die koninkryk ontstaan het en vol sal word, kom van God met die doel dat Hy al die heerlijkheid daarvoor sal ontvang! Dit is voorwaar 'n gepaste afsluiting vir die Onse Vader, onafhanklik van of dit spesifiek so deur Jesus destyds as deel van die modelgebed geleer is of nie. Onthou, een van die opmerkings wat ons gemaak het was dat ons nie noodwendig by die letterlike woorde van die Onse Vader hoef te bly nie, en daarom sal dit heeltemal gepas kan wees om ons gebede met so 'n lofprysing af te sluit.

Visioen van Verheerlikte Seun van die Mens (Op 1:9-20):

In vers 9 assosieer Johannes homself met sy medegelowiges wat deel is van die sewe gemeentes aan wie die boek gerig is. En omdat die sewe gemeentes verteenwoordigend is van die kerk deur die eeue heen, kan ons ons ook assosieer met Johannes en met die gelowiges van daardie sewe gemeentes.

Maar let nou op hoe Johannes hierdie groep van gelowiges beskryf. Die DAV stel dit as volg: Johannes is saam met die gelowiges "...’n deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en in die volharding in ons verhouding met Jesus". Dus, ons almal wat in Jesus is, is ook deelgenote aan die verdrukking en die koninkryk en die volharding.

Wel, wat beteken dit? Die deel wat ons goed verstaan is dat alle gelowiges deelgenote in die koninkryk is – dis tog wat ons sopas in verse 5b-6 gesien het: deur Sy liefde en bloed is ons deel van die koninkryk. Maar wat nou van die verdrukking en volharding? Kan ek jou herinner aan wat ons laasweek in Jak 1 :2-3 gesien het: "My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard". Jakobus skryf ook aan die broers of medegelowiges. En hy sê beproewings (verdrukkings) is iets om oor opgewonde te wees, siende dat dit aanleiding gee dat die gelowiges leer om te volhard – wat op sy beurt aanleiding gee dat hulle groei tot volmaaktheid. Wel, Johannes het dieselfde insig: Die wat deel het aan die koninkryk, deel ook aan verdrukkinge, maar ook aan volharding – en gelukkig verstaan ons van Jakobus dat verdrukkinge aanleiding gee tot volharding. Ja, dit mag so wees dat ons wat deel is van die koninkryk nie almal presies dieselfde verdrukkinge beleef nie: immers Johannes was ingeperk op die eiland Patmos, en ons is ingeperk deur die coronavirus en sit met ’n situasie in die gemeente. Maar ons almal leer om te volhard – en dit gee aanleiding tot volmaaktheid en die lewe, soos ons laasweek in Jak 1 gesien het.

In die res van die hoofstuk beskryf Johannes dat ’n stem agter hom hom vertel het om alles op te skryf wat hy sien. En toe hy omkyk om te sien wie dit is wat met hom praat sien hy ’n visioen. Kom ons kyk na die visioen (verse 12-20):

- Johannes sien sewe goue staanlampe, en vers 20 maak dit duidelik dat die lampe die sewe gemeentes is aan wie hy moet skryf. Natuurlik is daar simboliek in die feit dat dit staanlampe is. Dit herinner aan die lampstaander in die tabernakel wat moes lig gee. En die gemeentes is juis die instrument wat moet lig gee in die wêreld. Jesus is self die lig, maar die gemeentes is die draer van die lig.
- Tussen die lampe sien Johannes iemand soos die Seun van die Mens. Ons het al verskeie kere in die verlede daarvoor gepraat dat hierdie uitdrukking kom uit Dan 7. Ek gaan nie weer in detail daarop in nie, maar in Dan 7:13-14 beskryf Daniel dat hy iemand soos die Seun van die mens sien kom het na die Oue van Dae (OAV), en aan Hom is die heerskappy en eer en koningskap gegee. Hierdie visioen van Daniel beskryf Jesus se hemelvaart wat niks anders is as Jesus se troonsbestyging is nie as Koning oor al die ander konings van die aarde (vers 5a). Die Seun van die Mens in hierdie visioen is dus die Verheerlikte Jesus.
- Die Seun van die Mens het ’n lang kleed aangehad met ’n gordel om die bors, waarskynlik ’n verwysing na die hoëpriesterlike kleed in Eks 28.
- Die Seun van die Mens het hare soos wit wol, soos sneeu. In Dan 7:9 lees ons dat die Oue van Dae (d.w.s. die Vader) klere aan het wat wit is soos sneeu, en Sy hare is skoon soos wol. Duidelik is die Seun van die Mens ook self God, en reflekteer hierdie hare iets van Sy wysheid en waardigheid.

- Hy het oë wat soos vuur vlam. In Op 19:12 lees ons dieselfde van Jesus as Hy beskryf word as die ruiter op die wit perd met die finale oordeel. Hierdie oë sien alles en duld niks wat nie heilig is nie. Daar is 'n heiligende werk, 'n oordeel, oor enigiets onrein.
- Hy het geelkoper voete. Weereens is daar iets van vuur wat geelkoper rein maak.
- Sy stem is soos 'n groot watermassa – dit is ook hoe God se stem beskryf word in Eseg 43:2. Duidelik is die Seun van die Mens ook self God.
- In Sy regterhand het Hy sewe sterre, wat volgens vers 20 die leraars (letterlik die engele) van die sewe gemeentes is. Wat nie presies duidelik is nie, is wie is die engele/leraars? Uit 4 kommentare is daar 4 opinies: leiers in die gemeentes (maar mense word nie elders in Openbaring as engele beskryf nie), engel geassosieer met die gemeente, engel wat die brief aan die gemeente moes oordra (maar hoekom word die brief aan die boodskapper engel gerig?), of selfs die “gees” in die gemeente. Ek weet nie seker nie. Maar duidelik is dit iemand wat intiem met die gemeente geassosieer word.
- Uit Sy mond kom daar 'n skerp swaard met twee snykante. Dit herinner aan die beskrywing van die Woord in Heb 4:12 wat skeiding kan maak tussen siel en gees, gewrigte en murg, wat die bedoelings en gedagtes van die hart kan beoordeel. Weereens, is hier oordeel in, die gedagtes/bedoelings word geweeg, en waar nodig weg of reg gesny.
- En Sy hele voorkoms is soos die son. Dink maar aan Jesus se verheerliking op die berg in Mat 17:2 waar Sy gesig begin straal het soos die son. Die Seun van die Mens is hier in Sy verheerlikte staat.

Staan vir 'n oomblik terug en vorm hierdie visioen in jou gedagtes. Wat staan vir jou uit? Duidelik is die hele Wese wat hier beskryf is, absoluut heerlik en aangrypend. Maar ek dink wat my die meeste sou tref is daardie oë wat soos vuur vlam, en daardie tweesnydende swaard wat uit Sy mond kom. En natuurlik die sterre in Sy hand.

En dan, as Johannes soos 'n dooie lê, kom vat die Seun van die Mens aan hom en praat met hom. Arme Johannes! En Hy sê:

- Moenie bang wees nie!
- Ek is die Eerste en die Laaste. Soos God beskryf word as die Alfa en die Omega (vers 8). Weereens is die Seun van die Mens God. Maar, soos God, is Hy betrokke in alles van die begin tot die einde, die ganse wêreldgeskiedenis is onder Sy beheer. En Johannes, en ons, moet dit nooit vergeet nie.
- Ek is die Lewende. Die Een wat gesterf het, maar weer opgestaan het en nou vir ewig lewe. Daarom is Hy ook die Een wat beheer wie eindig in die dood en die doderyk. Hy het immers die dood oorwin vir almal wat in Hom is.

Wat is die punt? Wel, as mens nou na die detail van die sewe briewe gaan kyk, sien jy die volgende:

- Elke brief word geopen met 'n aspek van hierdie beskrywing van die Seun van die Mens: “So sê Hy wat....”. En telkens word dit opgevolg met; “Ek weet...”. Gemeentes moet hierdie prentjie in hulle gedagtes hê, en weet hulle word voortdurend geweeg!
- Hoe weet die Seun van die mens die detail van alles wat in die gemeentes aan die gang is? Onthou, Hy het die sewe sterre in Sy hand, en Hy beweeg tussen die staanlampe, en moet nie daardie oë wat soos vuur vlam vergeet nie. Hulle sien alles. Kyk maar net na Op 2:23: Hy deurgrond die gedagtes en begeertes van die mens!
- Maar dit gaan verder. Hy sien nie net alles nie. Hy weeg dit wat Hy sien in die gemeentes en dan praat Hy met hulle oor wat Hy gesien het. En Hy sny. Julle weet dat die briewe beide

onderwerpe insluit wat Hy geweeg het as goed en wat Hy geweeg het as sleg. Hoe weeg Hy dit? Hy gebruik daardie swaard wat twee snykante het. As dit die toets van die Woord deurstaan, is dit goed, indien nie, is dit sleg.

Dit is nogal vreesaanjaend: Die Seun van die Mens, self God, met oë wat soos vuur vlam en 'n tweesnydende swaard wat uit Sy mond kom – het die engel van ons gemeente in Sy hand, en Hy is hier by ons en Hy weeg ons – en ons kan niks vir Hom wegsteek nie.

Maar nou moet ons onthou wat die Seun van die Mens vir Johannes gesê het:

- Moenie bang wees nie
- Ek is die Eerste en die Laaste. Ek bestuur alles. Ek stuur toetse, beproewings, of verdrukings. Maar ek het 'n doel daarmee. My doel is om op te bou. Tot volharding. Tot volmaaktheid. Tot die lewe. Nou weeg Ek julle. En ek gee vir julle waarskuwings waar nodig. En julle moet dit reg hanteer – bid vir wysheid, gebruik die genademiddele en groei!
- Ek is die Lewende wat dood was en ewig lewe. Ek beheer wie gaan in die dood en doderyk in. Maar Ek gaan definitief nie iemand vir wie Ek gesterf het in die doderyk laat beland nie. As julle in My is, sal ek julle nie bo julle kragte versoek nie. En daarom sal julle uiteinde nie die dood wees nie – nie as julle werklik in die koninkryk is nie.

Sien jy dit: Ware gelowiges is deelgenote aan die koninkryk – deur Jesus se liefde en bloed. Maar hulle is ook deel van die verdrukking – want die Seun van die Mens weeg hulle, en ons is nog nie waar ons moet wees nie. En daarom stuur God verdrukkinge en beproewinge. Maar hulle is ook deelgenote in die volharding – as hulle in die verdrukkinge die toets deurstaan leer hulle volhard tot by volmaaktheid toe.

Implikasies vir ons:

Ek beplan om in die volgende preke stil te staan by wat Jesus as prysenswaardig en afkeurend in die gemeentes bevind het. En dan moet ons ons gemeente daaraan meet. Maar kan ek jou die volgende vra:

- Kry hierdie visioen van die Seun van die Mens in jou gedagtes. Sy voorkoms is soos die van Jesus tydens die verheerliking op die berg. Hy het hare soos Daniel die Vader beskryf. Hy praat soos die Vader praat. Hy het oë wat soos vuur vlam. En uit Sy mond kom 'n swaard met twee snykante. Hy is die geloofwaardige Getuie. Hy is die Eerste en die Laaste. Hy is die Lewende. Hy is die Een wat die sleutels van die dood en die doderyk het. En Hy hou ons engel in Sy hand. Hy is hier by ons gemeente.
- Jesus is presies bewus van alles wat in ons midde gebeur. Is jy so bewus van Sy teenwoordigheid as wat Hy bewus is van wat in ons gemeente gebeur? Is jy bewus dat daardie oë wat soos vuur vlam alles deurgrond waarmee elkeen van ons in die gemeente ons besig hou – selfs ons gedagtes en begeertes.
- As Jesus daardie tweesnydende swaard wat uit Sy mond kom, gebruik as maatstaf om alles te weeg, selfs die bedoelings en gedagtes van ons harte, verdiep ons ons genoeg in dieselfde Woord om ook te verstaan wat die bedoelings en gedagtes van ons harte behoort te wees?

Ek is oortuig dat die pandemie, inperking en gebeure in die gemeente 'n toets is wat van God kom. Ja, God konfronteer baie meer as net ons gemeente. Maar Hy konfronteer ook ons gemeente! Ons roem daarin dat ons gelowiges is wat ons vertrouwe stel in die liefde en die bloed van Jesus om sodoende deelgenote te mag wees van Sy koninkryk. En dis voorwaar 'n voorreg om hierin te roem, en dit is voorwaar 'n sekerheid waarin ons mag roem. Maar as Johannes en al die gelowiges in

daardie gemeentes in Klein Asië nie net deelgenote was aan die koninkryk nie, maar ook deelgenote aan die verdrukking en volharding, hoekom dink ons ons kan dit systap? Die Verheerlikte Seun van die Mens het hulle geweeg in die verdrukking om te sien of dit aanleiding gee tot volharding. Hy doen dit met ons ook – ook juis nou. Ons moet nie moedeloos word as dit gebeur nie. Nee, soos Jakobus sê: Ag dit louter vreugde!

Ons moet ons gemeente gaan weeg aan die vereistes wat Jesus uitgestippel het aan die sewe gemeentes. Maar onthou: selfs in die gemeentes waar Hy net tekortkominge gevind het, het Hy eers 'n dringende waarskuwing gerig dat Hy op die punt staan om hulle uit te spoeg, voor Hy hulle sou uitspoeg.

Die punt wat ek probeer maak is dit: die teenwoordigheid van verdrukkinge is geensins 'n bewys dat Jesus ons verlaat het nie. Trouens, dit is die bewys dat Jesus besig is met ons. Dit is tipies van wat gebeur as Jesus tussen die gemeentes rondbeweeg. Die vraag is net: wat maak ek en jy met die verdrukking? Gee dit aanleiding tot volharding? Of dat ons uitgespoeg word?